NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

IEB Copyright © 2017 

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

**Lees die volgende twee artikels en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

### Tweegesigkatte steel harte

**Yana van Belarus**



1. Mense wêreldwyd is verlief op Yana, 'n babakatjie van sewe maande waarvan die gesiggie presies in die helfte verdeel is – die een kant gemmer en die ander kant swart. Die katjie woon in Belarus saam met haar eienaar, Elizabeth Shinkareva (22), wat haar in Junie 2016 aangeneem het. Shinkareva, 'n argitektuurstudent wat aan die Belarussiese Nasionale Tegniese Universiteit studeer, sê Yana is 'n "natuurlike wonderwerk". Sy is dol daarop dat Yana haar soggens met haar nat neusie wakker maak. Sy het 'n blad op Instagram begin waar sy gereeld foto's van Yana en haarself oplaai. Die blad het al 36 000 volgelinge.

2. Die eerste foto van Yana is ses maande gelede gelaai en sedertdien het Skinkareva sowat 70 foto's gelaai. Sy is so gewild op Instagram en mense van oor die wêreld heen volg haar. "Sy het my lewe verander. Ek weet nie eens watter spesie kat sy is nie, maar sy is net 'n gewone troetelkat," sê sy. Yana het 'n spelerige sy en Shinkareva sê dat sy 'n voorliefde vir kerse en verpakkingsmateriaal het. "Sy is mal oor speel, sy is net te pragtig."

3. Dit is nie net haar gesiggie waarop Shinkareva verlief geraak het nie. Haar bynaam vir Yana is "Eekhorinkie", omdat haar stert so harig en sag is. "Haar pels is so wollerig, veral op haar stert. Daarom noem ek haar "Eekhorinkie".

4. Yana het nog 10 000 volgelinge op Instagram bygekry sedert sy die nuus gehaal het. Sy spog nou met 37 900 aanhangers.

**Minx van Bloemfontein**



5. Nadat die eerste berig oor Yana gepubliseer is, het 'n gesin van Bloemfontein ook foto's van hul tweegesigkat aan *Die Burger* gestuur. Minx is 'n 11 weke oue

IEB Copyright © 2017

straatkatjie, wat onlangs deur Annelize Botha uit 'n drein in Welkom gered is. Sy het die katjie ontdek waar sy in 'n afvoerpyp gebly het. Sy het die katjie met kos uitgelok en huis toe geneem waar die versorging begin het. Cassie Karstens, Botha se verloofde, sê Minx wou nie self eet nie en het net 'n straatlewe met "baaaaaaie vlooie" geken. "Dit was so toevallig. Hier sit ons en versorg 'n katjie wat nes die een van Belarus lyk," sê hy. "Sy is so oulik en speel verskriklik lekker met ons ander diere.

**Smilla van Stellenbosch**



6. Christine Kuhn van Stellenbosch het ook die berig oor Yana, die tweegesigkat van Belarus, gesien en besluit sy gaan foto's van haar eie kat, Smilla, aan *Die Burger* stuur. "Ek doen nie gewoonlik sulke dinge nie, maar ek het gedink Smilla is besonders." Smilla, wat na die karakter in Peter Høse boek *Smilla's Sense of Snow* genoem is, is 'n kruising van 'n Birmaanse kat en 'n wollerige skilderkat (*tortoise shell*).

7. Kuhn het vyf jaar gelede 'n advertensie vir babakatjies by die werk gesien en wou aanvanklik een van Smilla se boeties gehad het, maar iets het vir haar gesê sy moet die besonderse tweegesigkatjie kies. "Sy is soos 'n vegter met 'n baie oulike en sterk geaardheid. Soms kan sy baie arrogant wees en dink dat ek haar bywoner is."

8. "Sy is mal oor kinders en sy lees mense ook baie goed. As sy dink daar is fout met jou, sal sy net in haar bed bly lê," sê Kuhn. En soos enige Birmaanse kat is Smilla mal daaroor om met 'n bal te speel. Sy is baie spelerig.

[Bronne: *Die Burger*, 22/1/2017 en 2/2/2017]

1.1 1.1.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Yana, die tweegesigkat, is net in Belarus baie geliefd. (1)

1.1.2 Haal **een woord** uit paragraaf 1 aan om jou antwoord in Vraag 1.1.1 te motiveer. (1)

1.2 Waarom het Elizabeth Shinkareva nie 'n wekker nodig nie? (1)

1.3 Dink jy Yana is regtig net 'n "gewone kat" (paragraaf 2) soos haar eienaar sê? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.4 1.4.1 Met watter ander dier word Yana vergelyk? (1)

1.4.2 Watter TWEE ooreenkomste is daar tussen Yana en die diertjie (jou antwoord in Vraag 1.4.1)? (2)

1.5 Hoe weet ons dat Yana se gewildheid nie afgeneem het nie? Noem TWEE dinge. (2)

1.6 Hoe het Annelise dit reggekry om die wilde kat, Minx, uiteindelik te vang? (1)

1.7 Haal een sin uit die leesstuk aan om Smilla se karakter op te som. (1)


1.8 Gee 'n voorbeeld uit die leesstuk van hoe Smilla soms intuïtief ten opsigte van mense optree. (1)

1.9 Watter ander eienskap, behalwe hulle voorkoms, het Yana, Smilla en Minx in gemeen? (1)
**[13]**

IEB Copyright © 2017

**VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – WEERKAARTE**

**Bestudeer die twee weerkaarte en beantwoord telkens die vrae wat na elke kaart volg.**




[Bron: *Die Burger*, 3/4/2017]

2.1 In watter dorp is die minimum en die maksimum temperatuur 13° en 32°? (1)

2.2 Hoe verskil die temperatuur in Oudtshoorn van die temperatuur in Mosselbaai? (1)

2.3 Watter weersverskynsel het Calvinia en Sutherland in gemeen? (1)

2.4 Watter weersverskynsel kom net in Kaapstad voor? (1)

2.5 Watter kusdorp gaan, volgens hierdie kaart, die warmste word? (1)

**Getye in Tafelbaai**

| | Laag | Hoog |
|---|---|---|
| Vandag | 01:53 | 08:10 |
| | 14:36 | 20:56 |
| Môre | 03:31 | 09:43 |
| | 16:13 | 22:38 |

**Maanfases**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 Apr. | 19 Apr. | 26 Apr. | 3 Apr. |

**Son- en maantye**

| SON | Opkoms | Ondergang |
|---|---|---|
| Vandag | 07:00 | 18:38 |
| Môre | 07:01 | 18:37 |

| MAAN | Opkoms | Ondergang |
|---|---|---|
| Vandag | 13:35 | 23:35 |
| Môre | 14:28 | 00:11 |

**Wes-Kaap: 3 dae**

| | Di. | | Wo. | | Do. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Calvinia | 12 | 30 | 9 | 23 | 8 | 21 |
| Vredendal | 13 | 30 | 12 | 26 | 11 | 30 |
| Malmesbury | 13 | 28 | 11 | 23 | 10 | 25 |
| Paarl | 14 | 27 | 11 | 23 | 10 | 24 |
| Kaapstad | 14 | 23 | 12 | 20 | 11 | 21 |
| Hermanus | 17 | 23 | 14 | 20 | 13 | 21 |
| Grabouw | 13 | 23 | 10 | 20 | 9 | 20 |
| Kaap Agulhas | 17 | 23 | 13 | 20 | 13 | 19 |
| Riversdal | 14 | 29 | 11 | 25 | 10 | 22 |
| Mosselbaai | 17 | 24 | 14 | 22 | 14 | 20 |
| George | 15 | 25 | 12 | 23 | 11 | 20 |
| Worcester | 13 | 31 | 10 | 25 | 9 | 23 |
| Beaufort-Wes | 19 | 36 | 13 | 27 | 11 | 21 |
| Oudtshoorn | 16 | 33 | 12 | 26 | 11 | 21 |

[Bron: *Die Burger*, 3/4/2017]

2.6 **Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf dit in jou Antwoordboek neer. Moenie die hele sin oorskryf nie.**

Die gety gaan ongeveer halfdrie vandag in Tafelbaai (hoogwater/laagwater) wees. (1)

2.7 **Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en letter in jou Antwoordboek neer.**

Dit gaan op _______ volmaan wees.

A 3 April
B 11 April
C 19 April
D 26 April (1)

2.8 2.8.1 Watter Wes-Kaapse dorp gaan oor dié 3 dae die koudste **maksimum** temperatuur hê? (1)

2.8.2 Watter dorp gaan oor hierdie 3 dae die koudste **minimum** temperatuur hê? (1)
**[9]**

IEB Copyright © 2017

## VRAAG 3 VISUELE BEBRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die berig en spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

Kaapstad – Die dae dat jou bakkie kreunend teen die bult kon opsukkel terwyl stinkende swart rook by die uitlaatstelsel uitborrel, is verby. Die verkeerspolisie gaan toeslaan op eienaars van sulke voertuie. As jy skuldig bevind word, kan jy tot 30 dae tronk toe gaan omdat jy die lug met jou voertuig besoedel, of jy kan 'n boete en tot 30 dae tronkstraf kry.

[Bron: Netwerk 24]




[Bron: *Die Burger*, 2/2/2016]

3.1 **Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou Antwoordboek neer.**

"Volgens dié meting sal jy mos lewenslank moet sit" dui aan dat die besoedeling ______ is.

A min
B matig
C redelik hoog
D uiters hoog (1)

3.2 Hoe **sien** ons dat die motor nie padvaardig is nie? (1)

3.3 Hoe **sien** ons dat die reuk van die rook vir die man (C) te veel is? (1)

3.4 3.4.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Die elektroniese instrument (B) in die man (A) se hand werk nie. (1)

3.4.2 Gee 'n nie-verbale rede vir jou antwoord in Vraag 3.4.1. (1)

3.5 Gee **een woord** om die man (A) se gesigsuitdrukking te beskryf. (1)

3.6 Hoe dui die man (A) se **liggaamstaal** aan dat hy van die bakkie praat? (1)

3.7 Haal **twee afsonderlike woorde** uit die teks aan wat aandui dat die bakkie *nie maklik by die bult opry nie*. (1)

**[8]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2017

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 VYF OPINIES OOR 'N FILM



[Bron: <jtt[://fwa/cp/om/4thisc.php>]

**'n Paneel van vyf mense gee terugvoer nadat hulle 'n film by die onlangse Durbanse filmfees gesien het. *Daar is vyf verskillende opinies oor die film wat hulle gesien het.* Elke persoon gee <u>twee redes</u> waarom hulle van die film hou of nie hou nie. Som elke keer die twee hoofredes op wat elke persoon gee oor hoekom hulle dink die film goed, of nie goed was nie.**

**Elke persoon het sy eie mening oor die film.**

| | |
|---|---|
|  | Die film het baie verrassings gehad wat my laat dink het dat dit miskien as 'n riller geklassifiseer moes word, maar hierdie verrassings het egter niks tot die storielyn bygedra nie. Dit het geensins die spanning in die film opgebou nie. Die regisseur het ook nie die akteurs se vermoë om hulle rolle oortuigend te kan speel, goed benut nie. |
|  | Ek is al vir baie jare 'n filmkritikus by hierdie filmfees en ek het nog nooit so 'n swak film soos hierdie een gesien nie. Die beligting in al die tonele in die woud was so sleg en onderbelig dat 'n mens skaars die toneelspel kon sien. Ek voel ook dat die redigering van die film uiters swak is, want die tonele vloei nie gemaklik op mekaar nie. |
|  | Ag nee, man! Moenie oordryf nie. Die film is nie so sleg as wat julle voorgee nie. Die kameraskote word baie goed gebruik om al die tonele geloofwaardig te maak. Die rolverdeling van die karakters is baie goed en die toneelspel van die akteurs en aktrises is baie oortuigend. |

IEB Copyright © 2017

| | |
|---|---|
|  | Die film is nie so sleg nie. Moet dit nie sommer so afskryf nie. Die publiek gaan van hierdie film hou, want die draaiboek is ongewoon, maar steeds realisties. Die film het ook 'n gelukkige einde en dit is tog waarvan elke filmganger hou. |
|  | Nee, wat! Hierdie film gaan nooit 'n sukses by die filmlokaal wees nie. Die musiek is te dramaties en pas glad nie by die inhoud van die film in nie. Die kostuums is te bont en pas nie in by die era waarin die film afspeel nie. Dit is vir my 'n groot teleurstelling. |

**Onthou:**

- Skryf telkens die vyf persone se kritiek oor die film neer en maak seker dat jy by elke persoon **twee** verskillende aspekte van kritiek noem.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke antwoord moet twee redes bevat.
- Elke antwoord mag **net een sin** bevat. Gebruik voegwoorde, ens. om jou sinne te verleng.
- Nommer jou antwoorde van 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde wees nie.
- Skryf 'n woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

**10 punte**

IEB Copyright © 2017

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Staan op!** – Fanie Viljoen

Staan op! As jy al ooit alleen was.
Staan op! As jy al ooit gespot is omdat jy gesê het
hoe jy werklik voel.
Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het dat
niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie.
Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat
jy te vet/te maer/te lelik/te ... was.
Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om
"iets aan jouself te doen".
Staan op! As jy dink daar is net donker in die toekoms.
Staan op! As jy partykeer nie antwoorde het op jou vrae nie.
Staan op! As jy al ooit jou pyn vir ander mense moes wegsteek.
Staan op! As jy dink jy is nie aanvaarbaar nes jy is nie.
Staan op! As jy al ooit gehuil het omdat jy jouself
nie kan verander nie.

En kyk – hoeveel mense sit nog om jou?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 **Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou Antwoordboek neer.**

Reëls 2 en 3 word deur middel van ______ aan mekaar verbind.

A assonansie
B enjambement
C onomatopee
D rymskema (1)

5.2 Waarom is daar elke keer 'n uitroepteken aan die einde van "Staan op!"? (1)

IEB Copyright © 2017 

5.3 Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken as iemand jou **verwerp** (reël 6)? (1)

5.4 Wat is die funksie van die ellips in reël 7? (1)

5.5 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** aan en **onderstreep** die gedeeltes om die alliterasie aan te dui. (1)

5.6 5.6.1 **Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou Antwoordboek neer.**

Reël 9 bevat 'n voorbeeld van _____.

A 'n eufemisme
B 'n vergelyking
C toutologie
D oordrywing (1)

5.6.2 Vervang reël 9 met EEN woord, sonder om die betekenis van die reël te verander. (1)

5.7 Op watter **teikengroep** is hierdie gedig gerig? (1)

5.8 Verduidelik hoe die **tipografie** van die gedig aansluit by die feit dat daar slegs enkeles (of miskien selfs net een persoon) teen die einde sal wees. (2)
**[10]**

IEB Copyright © 2017

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**?** – Tanja Joubert

Jou naam draai ek uit elke appelstingel,
pak dit in spoelklippies op die strand.
Ek vinger jou naam op vuil motorvensters,
toegewasemde spieëls en oor die palm van my hand.

Ek braille dit in my passerblik,
doodle dit in my tuiswerkboek, op my tas.
Jou naam pen ek oor 'n swartbord
sodat niemand dit ooit weer af kan was.

Ek ryg dit regs aan mý naam vas
en dra dit soos kraletjies om my nek,
graffiti dit op elke straathoek
soos 'n hond wat sy been lig om te sê: "Dis mý plek!"

Want jý is ál my uithangborde,
die screensaver van my brein,
die tatoeëermerk oor my hart
en, wie weet, dalk nog die T-hemp van my pyn.

Miskien het jy mý naam al uitgevee. Uitgetippex!
Of dalk versier jy dit met smiley faces (☺☺) en 'n soentjie-x.
Ek sal verstaan as jy my nog nie kan spel nie,
Nie eens met leestekens kan vertel nie.

Net jammer jóú naam, is nog net 'n
?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Waarom is die titel van hierdie gedig 'n vraagteken (?) ? (1)

6.2 6.2.1 Bepaal die **rymskema** van die eerste strofe. (1)

6.2.2 Wat word hierdie rymskema genoem? (1)

6.3 Verduidelik hoekom die spreker die persoon se naam juis "oor die palm van my hand" (reël 4) skryf. (1)

6.4 "Ek **braille** dit in my passerblik" (reël 5). Waarom gebruik die spreker spesifiek die woord **braille**? (1)

IEB Copyright © 2017 

6.5 Wat probeer die spreker verseker deur die naam op elke straathoek te graffiti (reël 11)? (1)

6.6 **Kies slegs die korrekte woord tussen hakkies:**

Die boodskap wat the T-hemp (strofe 4) oordra, sal (POSITIEF/NEGATIEF) wees. (1)

6.7 Dink jy die spreker tree te irrasioneel op? Motiveer jou antwoord na aanleiding van hoe jy die inhoud van die gedig verstaan. (2)

6.8 Haal die **versreël** aan wat daarop dui dat die persoon (?) dalk die spreker se hart kan breek. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2017

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Troetelwoorde** – Jaco Jacobs

Ek rig my woorde daagliks af
om te doen wat ek beveel;
geleiband aan my sy te draf,
gehoorsaam, reël vir reël.

Ek kies my woorde sorgvuldig.
Beloon die gewenste gedrag.
Ek leer hulle om geduldig
soos goeie woorde te wag.

En in die stiltes weet ek
dat my woorde my bewaak;
opreg en op hul plek,
getrou aan hulle taak.

Maar somtyds ruk my woorde los – spring, speel en lek;
'n werpsel Hallmark-hondjies wat jou aandag probeer trek.

[Bron: *Sterrekykers*, saamgestel deur Jaco Jacobs]

7.1 7.1.1 Watter **tipe** gedig is dit? (1)

7.1.2 Verwys na **twee tegniese aspekte** van die gedig om jou antwoord in Vraag 7.1.1 te motiveer. (2)

7.2 Haal **twee aparte woorde** uit strofe 1 aan wat aandui dat die spreker in beheer van die woorde is wat hy gebruik. (1)

7.3 Watter twee dinge word in die gedig met mekaar vergelyk? (1)

7.4 7.4.1 Wat is die verskil in die toon van strofes 1–3 teenoor strofe 4? (2)

7.4.2 Hoe dui die tipografie van die gedig die verskil (in Vraag 7.4.1) aan? (2)

7.5 In reël 12 verwys die spreker na 'n "taak". Vir watter taak wil die spreker sy woorde gebruik? (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die spotprent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.**




[Bron: <http://cdn.24.co.za/files/Cms/General>]

8.1 Pa vra sy seun: "Moet jy nie vandag studeer nie?"

**Pa vra sy seun of ...** (1)

8.2 Die seun moet vir die eksamen leer.

**Die seun behoort ...** (1)

8.3 Die motor is oulik. Die seun en sy meisie sit in die motor.

**Die motor waarin ...** (1)

8.4 Gaan die seun nog vandag verder studeer?

**Nee, die seun ...** (1)

8.5 Die seun neem sy meisie strand toe om te gaan swem.

**Gister ...** (1)

IEB Copyright © 2017

8.6 Die seun het elke dag sy motor op die besige pad bestuur.

**Sy motor ...** (1)

8.7 Die seun is bereid om te studeer.

**Volgende week ...** (1)

8.8 Die seun wil nie by die huis bly nie. Die meisie wil nie by die huis bly nie.

**Nóg ... nóg ...** (1)

8.9 Die seun gaan winkels toe sodat hy kan ontspan.

**Die seun gaan winkels toe om ...** (1)

8.10 Hy studeer nie hard genoeg nie en hy gaan in die eksamen sukkel.

**Hy studeer nie hard genoeg nie; dus ...** (1)

8.11 Die seun is verbaas wanneer hy sy uitslae kry.

**Verlede jaar ...** (2)
**[12]**

IEB Copyright © 2017

**VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE**

**Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou Antwoordboek neer.**




[Bron: *Die Burger*, 24/11/2015]

Darryl se **9.1 (ma en pa – gee een woord)** is baie bekommerd oor **9.2 (hom/sy/haar – kies die korrekte voornaamwoord)** omdat daar amper **9.3 (elke dag – gee een woord)** betogings by die **9.4 (university – gee die korrekte Afrikaanse woord)** is. Darryl staan en **9.5 (hyg/huig/heig – kies die korrekte spelling)** by die deur. Sy **9.6 (skeur – gee die verlede deelwoord)** klere wys dat hy deur 'n **9.7 (difficult – gee die korrekte Afrikaanse woord)** tyd is. Ons weet dat die vertrek agter Darryl se pa die **9.8 (____ – skryf die naam van die vertrek neer)** is, want daar is 'n yskas in die agtergrond. Darryl se ma is **9.9 (baie bang – gee die**

IEB Copyright © 2017

**intensiewe vorm)** dat hy nie gaan **9.10 (druip – gee die teenoorgestelde betekenis)** nie, want hy kan nie **9.11 (____ – gee die korrekte voorsetsel)** sy werk konsentreer nie. Dit sal beteken dat hy **9.12 (na aanleiding van – gee die korrekte afkorting)** al die onluste eers sy graad oor vyf jaar sal kry.


Darryl moet elke dag deur die **9.13 (stry – gee die teenwoordige deelwoord)** betogers worstel om by die verskillende **9.14 (eksamenlokaal – gee die meervoud)** uit te kom. Gister was die **9.15 (drie – gee die rangtelwoord)** dag in 'n ry dat hy laat vir sy eksamen was. Niemand sal tevrede wees met die posisie **9.16 (wat +in – gee die korrekte vorm van die betreklike voornaamwoord)** Darryl hom bevind nie.

**[8]**

IEB Copyright © 2017

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

**Lees die inligting hieronder wat op die foto gebaseer is, deeglik deur. Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit. Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. Elke respons moet 15–20 woorde lank wees. Die respons kan uit een of twee sinne bestaan.**




[Bron: Google images]

10.1 Die lewensredder (A) **waarsku** almal om nie in die see te gaan nie. Hy gee ook die **rede** daarvoor. Wat sê hy vir almal? (2)

10.2 Die man (B) **is onrustig** oor die mense wat nog swem en wil weet hoe hulle gehelp kan word. Wat vra hy vir die lewensredder? (2)

10.3 Die meisie (C) is **bekommerd** oor die veiligheid van die mense op die skiboot. Wat sê sy vir haar vriendin langs haar? (2)

10.4 Die man (D) kan nie sy seun kry nie. Hy **is angstig** en gee **'n beskrywing van hoe sy seun lyk**. Wat vra hy vir die mense? (2)

10.5 Die man (E) sien dat die gevaar verby is en hy **stel die ander mense op die strand gerus**. Wat sê hy vir almal wat daar staan? (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2017